**TOM NEWBY SCHOOL**

**TOETS**

| Vak | Afrikaans Addisionele Taal | Eksaminator | Mev. PE Theron |
|---|---|---|---|
| Datum | Junie 2022 | Totaal | 40 Punte |
| Sessie | 1 | Tyd | 1 uur |
| Graad | 4 | Moderator | Mev. M Steyn |
| Spesiale instruksies/ toerusting | Instruksies<br>• Lees jou vrae goed deur.<br>• Moenie enige oop spasies los nie.<br>• Skryf netjies en leesbaar.<br>• Geen woordeboeke. | | |
| Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |

**Naam:** ______________________ **Van:** ____________________ **Graad 4:** _____

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

40

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 1: | Literêre / nie-literêre teks | (15) |
| Vraag 2: | Visuele teks | (10) |
| Vraag 3: | Opsomming | (5) |
| Vraag 4: | Taalstrukture en -konvensies | (10) |




TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

## Vraag 1: Literêre en nie-literêre teks [15]

**Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.**

**Sipho eet!**

1 Sipho en sy gesin is baie lief vir lekker kos.

2 Op koue winterdae maak Sipho se ouma vir hulle 'n lekker groot pot sop.

3 Hulle eet die groentesop saam met vars brood.

4 Ma geniet dit om op reëndae pannekoek vir hulle te bak. Dan eet pa en Sipho lekker warm soet pannekoek met genoeg suiker op.

5 Sipho hou daarvan om sy ma met die maak van lekker kos te help.

6 Ontbyt by die huis eet hulle almal as gesin saam. Hulle eet gereeld mieliepap en eiers vir ontbyt.

7 Tydens die vakansie word Sipho bederf en koop oupa vir hom wit vanieljeroomys by die see.



Aantal woorde:103

Geskryf deur: L. Theron

Vrae:

**1.1** Omkring die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

… is die hoofkarakter in die storie.

A Sipho se ma

B Ouma

C Sipho

**1.2** **Omkring** die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

Die sop word ...

A in 'n groot pot gemaak

B nie gemaak in hierdie storie nie

C in 'n klein pot gemaak

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**1.3** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Daar word in die winter 'n pot sop gemaak. ________________________

**1.4** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Sussie bak op reëndae pannekoek. ______________________

**1.5** Op watter dae bak ma pannekoek? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.6** Onderstreep die regte antwoord. **(1)**

Die warm pannekoek word geëet met (sout / suiker) bo-op.

**1.7** Voltooi die volgende sin. **(1)**

Vir ontbyt eet hulle _________________________________________________

**1.8** Wat koop oupa vir Sipho? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.9** Waar hou oupa en Sipho vakansie? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.10** Watter kleur is die roomys? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.11** Waarmee help Sipho sy ma? **(1)**

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**1.12** Wanneer in die dag eet mens ontbyt? **(1)**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**1.13** Dink jy Sipho hou van sy oupa en ouma? **(1)**

Skryf slegs een sin neer.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**1.14** Gee een rede waarom jy van jou oupa en ouma hou of nie hou nie. **(1)**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**1.15** Het jy van die storie gehou? Gee 'n rede. **(1)**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Totaal Vraag 1:____/15**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**Vraag 2: Visuele Teks [10]**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.



**2.1** Watter dier sit by die tafel? **(1)**

Dit is 'n __________________.

**2.2** Voltooi die sin. **(1)**

| | | |
|---|---|---|
| ronde | reghoek | driehoek |

Die vorm van die yskas is 'n __________________.

**2.3** Omkring die regte antwoord. **(1)**

Die man dra 'n bril om beter te kan ...?

| | |
|---|---|
| hoor | sien |

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**2.4** Omkring die regte letter. **(1)**

Watter dier sit op die yskas?

A Voël

B Vis

C Vlieg

D Hond

**2.5** Onderstreep die regte antwoord. **(1)**

Die dogter langs die hond (lê / sit / staan) op die stoel.

**2.6** Hoeveel kinders sien jy op die prent? **(1)**

Daar is _______________ kinders op die prent.

**2.7** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Daar is twee seuns, twee dogters en twee diere op die prent. _____________

**2.8** Watter kleur is die koekies? **(1)**

_____________________________________________________________

**2.9** Verduidelik of daar genoeg klein koekies vir almal op die tafel is. **(1)**

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

**2.10** Waarom steek die hond sy tong uit? **(1)**

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

**Totaal Vraag 2:____/10**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

## Vraag 3: Opsomming [5]

Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf die letter wat pas, langs die nommer neer.

**A.** Daarna op reëndae maak mamma vir hulle pannekoek. **(1)**
**B.** Sipho help sy ma. **(1)**
**C** In die begin is dit winter en ouma maak sop. **(1)**
**D.** Op die einde bederf Oupa vir Sipho met 'n roomys. **(1)**
**E.** Die gesin eet ontbyt saam. **(1)**

| 3.1. | 3.2. | 3.3. | 3.4. | 3.5. |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**Totaal Vraag 3:_____/5**

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

**4.1** Gee die **meervoud** vir hond. **(1)**

Een hond, baie _________________

**4.2** Skryf 'n **sinoniem** vir familie uit paragraaf 6 neer. **(1)**

familie – _______________

**4.3** Skryf die **teenoorgestelde** van warm. **(1)**

warm - ________________

**4.4** Vul die regte **voornaamwoord** in die volgende sin in. **(1)**
**Sipho** het 'n roomys. Dit is **sy** roomys. Die roomys is ___________.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**4.5** Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord, **want**. **(1)**

Sipho is baie gelukkig. Oupa koop roomys.

______________________________________________________________

**4.6** Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin. **(1)**

Sipho het die hardste gelag.

**4.7** Vul die **leesteken(s)** in. **(1)**

Het jy vergeet

**4.8** Voltooi die sin deur die regte **voorsetsel** in te voeg. **(1)**

Daar is lekker warm sop __________ die pot.

**4.9** Kies die korrekte spelling. **(1)**

Sipho se ma maak mieliepap en eiers vir (**ontbyd** / **ontbyt**) om te eet.

**4.10** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. **(1)**

pannekoek = ____________________________

**Totaal Vraag 4:____/10**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**Graad 4 Afrikaans FAL Junie Toets 2022**

Prestasie evaluering
(vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: ____________________________________________ Klas: 4 ___________

Vraag 1:

| Vraag nommer | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder Punte | | | | | | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 2:

| Vraag nommer | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 3:

| Vraag nommer | 3 |
|---|---|
| Moontlike punt | 5 |
| Leerder punt | |

Totaal:_____

Vraag 4:

| Vraag nommer | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 | 4.9 | 4.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS